

# Hersiening

Beantwoord die taalvrae oor die volgende uittreksel uit die leesstuk, *Ver mense*.

- <sup>1</sup> Soos ander mense met ver familie, is Elizabeth baie dankbaar vir moderne tegnologie wat jou in staat stel om daaglikse kontak met jou gesinsgenote te behou.
- <sup>2</sup> "Dis eintlik vandag so maklik," sê sy. "Kinders op ander plekke in Suid-Afrika sien jy ook maar af en toe. En om met hulle kontak te behou, maak jy van dieselfde tegnologie gebruik."
- <sup>3</sup> En so sê almal met mense oorsee. Ek sien my kinders (albei oorsee) sowat een maal per jaar. Omdat ek nou al jare lank in Johannesburg bly en die meeste van die familie in die Kaap, het ek hulle ook maar net een of (op die meeste) twee keer per jaar gesien. En ek is baie meer met my kinders in verbinding as wat my ouers met my was. E-posse, SMS'e, *Skype* en *Facebook* maak "praat" net soveel makliker as in die dae toe mense eintlik net deur middel van slakkepos en 'n verjaardagoproep met mekaar in verbinding was.

(Uit: *Rooi Rose*, Januarie 2010)

1. Watter soort sinne is die volgende?
  - a) "Dis eintlik vandag so maklik." (paragraaf 2)
  - b) "Ek sien my kinders (albei oorsee) sowat een maal per jaar." (2)
2. Verduidelik jou antwoorde by die twee sinne hierbo. (1)
3. Skryf uit sin 1. b) die volgende neer:
  - a) onderwerp      b) gesegde
  - c) voorwerp      d) bywoordelike bepaling (4)
4. Is die volgende woorde simplekse of komplekse?
  - a) maklik      b) daaglikse
  - c) gebruik      d) gesin (4)
5. Skryf die samestelling neer wat in paragraaf 1 voorkom. (1)
6. Waarom sal jy die volgende woorde as afleidings beskou?
  - a) dankbaar      b) verbinding
  - c) makliker (4)
7. Skryf die infinitiewe vorm van die werkwoord in paragraaf 1 neer. (1)
8. Waarvoor staan die afkorting *e-pos*? (1)
9. Watter afkorting word gebruik vir *kortboodskapdiens* ("short message service")? (1)
10. Verskaf sinonieme vir die woorde in kleur in die sinne.
  - a) Dis eintlik *vandag* so maklik.
  - b) Sien jy ook maar so *af en toe*. (2)
11. Wat is die bedoeling met "slakkepos" (paragraaf 3)? (1)
12. Gebruik die volgende woorde wat afleidings van *tegnies* en *tegno-* is in die sinne:
 

|            |          |          |         |
|------------|----------|----------|---------|
| tegnologie | tegnikus | tegniese | tegniek |
|------------|----------|----------|---------|

  - a) Iemand moet oor die \_\_\_\_\_ kennis beskik om die instrument te gebruik.
  - b) Die skilder se \_\_\_\_\_ is iets besonder.
  - c) 'n \_\_\_\_\_ is 'n kenner op 'n sekere gebied wat tegniese vaardighede benodig.
  - d) Die \_\_\_\_\_ om olie uit die see te ontgin kan nog verder ontwikkel word.
  - e) \_\_\_\_\_ is die toepassing van wetenskaplike kennis vir praktiese doeleindes. (5)
13. Op watter ander manier kan 'n mens "ver" ook spel? (1)
14. Om watter rede word Suid-Afrika en Elizabeth met hoofletters gespél? (1)
15. Hoekom word "praat" in die derde laaste reël tussen aanhalingstekens geplaas? (1)

**Totaal: 30**



9. Van watter span is John-Lafnie de Jager die kaptein?

## **Praat: 'n Debat**

Jou onderwyser sal jou met die debatsprosedures help.

1. Kies een van die volgende **onderwerpe**:
  - a) Professionele sport is net moontlik weens advertensies.
  - b) Nasionale sportspanne behoort net handelsmerke te vertoon wat 'n gesonde lewenswyse verteenwoordig.
2. Hanteer jou **inhoud** soos volg:
  - Stel jou saak en motiveer elke argument met feite.
  - Kies twee of drie argumente. Gebruik gepaste skakels soos: Eerstens ... Tweedens ... Ten slotte .../Om mee te begin ... Vervolgens ...
  - Jy kan manipulerende taal gepas gebruik om jou gehoor oor te haal.
  - Gebruik toepaslike woordeskat, dus woordeskat wat by die erns of luim van die onderwerp pas en wat die gehoor sal verstaan.
3. Bied die argument logies en entoesiasies aan. Kyk na jou opponente en gehoor wanneer jy praat.

**Totaal: 10**



## Talente

Bizzie Lizzie

Alliterasie  
en assonansie  
trek aandag.

Spelling

Woorde is aan  
Engels ontleen.

Musikante  
kan toor.

Bloemis se talent  
word beklemtoon  
deur alliterasie  
van b.

Humor

<sup>1</sup> Ek bewonder daagliks mense se vermoëns. Daar's 'n talent in elkeen se lyf en brein wat deur jare se spiergeheue, gekombineer met 'n natuurlike talent, opgebou is, soos die bankteller wat note blitsvinnig tel.

<sup>2</sup> ... Casino's is nie my geliefkoosde kuierplek nie, dit ruik te veel na gierigheid en desperaatheid. Maar as ek by die Blackjack-tafels verbyloop, loer ek na die kroepiers se behendige hande.

<sup>3</sup> Ek's sleg met 'n besem - die veegsels warrel in elke rigting, nie soos in die hande van ons knap straatveër nie. 'n Sjef se manier om 'n klomp groente binne sekondes op te kap, fassineer my. My kombuis-fobiese vingers is altyd in die pad.

<sup>4</sup> Kelners wat kan borde balanseer, is vir my soos kulinêre sweefstokartieste. En gepraat van dié soort artieste, wat besiel iemand om met daardie oënskynlik patetiese kontrepsie 'n hoë gebou se vensters te was?

<sup>5</sup> Sport is nie hoog op my lys van prioriteite nie. Maar sien ek soms skrams 'n Wimbledon-wedstryd of 'n gimnas in aksie, staan ek asemloos. Hoeveel ure se oefening sou dit verg om so iets te kan baasraak?

<sup>6</sup> Daar's iets magies in die musikant wie se vingers en asembeheer musiek uit vibrasies kan laat voortvloei, die danser wat lyk of Newton se swaartekragwet net 'n mite is. En wie leer 'n verkeersman presies hoe om daardie vreemde handwaaie uit te voer? Sit my in die middel van spitsverkeer en ek kies sonder skroom die hasepad.

<sup>7</sup> Gister kom die mooiste ruiker by my aan. Die kombinasie van blomme, teksture, kleure en geure skep 'n mengelmoes van mooi wat net uit die hande van 'n begaafde bloemis kon kom.

<sup>8</sup> Ek het ook 'n matelose respek vir diegene wat sonder stres woelige kinders kan organiseer. As ek sestig stuks kleuters moes bymekaarhou, was sterk kalmeermiddels of tuisgestookte mampoer (vir my én die kinders) dalk 'n moontlikheid.

<sup>9</sup> Onlangs moes ek 'n TV-onderhoud met 'n "Worskoning" doen. Toe sien ek hoe moeilik dit is om wors te stop.

<sup>10</sup> Dis interessant dat die werklike talentvolles en suksesvolles nooit te koop loop met hul vaardighede nie. Hulle kyk verbaas op as ek bewonderend vra: "Hoe doen jy dit?"

<sup>11</sup> Ons vergeet om die talente en kennis van ander en ons eie te waardeer. Dis nogal 'n avontuur om opnuut te ontdek. Jy sal veel minder onvergenoegd voel en beslis nooit verveeld wees nie.

Intensiewe vorm

Aandagstreep  
maak dat jy  
makliker lees.

Hoe, dink jy, lyk  
hierdie skrywer?

Alliterasie: m  
beklemtoon die  
skoonheid van  
die blomme.

Spot

(Verkort en aangepas uit: Rooi Rose, April 2011)



## Post-les: Verstaan die teks

### a. Bespreek die kenmerke van die tekssoort en beantwoord die volgende vrae

- 'n Rubriek is 'n artikel wat altyd op dieselfde plek in 'n koerant of tydskrif verskyn en gewoonlik deur dieselfde skrywer of groepie skrywers geskryf word.
  - Wat is die naam van hierdie rubriekskrywer?
  - Is dit 'n normale naam of 'n bynaam?
- Is hierdie rubriek objektief of subjektief? Verduidelik.
  - Hoe verskil die taalgebruik in 'n rubriek van dié in 'n koerantberig?
- Slaan die definisie van "essay" na en let op die ooreenkomste met en verskille van 'n rubriek.

### b. Beantwoord die volgende begripsvrae oor teks 1

- Soeklees al die beroepe wat die skrywer kies om talentvolle mense uit te wys.
- Wat beteken die woord "spiergeheue" (paragraaf 1)?
- Watter mense is volgens die skrywer gierig en desperaat? (Een woord)
- Wat is die rubriekskrywer se gesindheid teenoor kosmaak? Haal 'n sinsdeel aan om jou antwoord te motiveer.
- Haal drie opeenvolgende woorde aan wat bewys dat die skrywer die harnas en toue van vensterskoonmakers nie vertrou nie.
- Wat beteken die volgende sin? Kies die beste antwoord.  
"Die danser laat dit lyk of Newton se swaartekragwet net 'n mite is."
  - Die danser kan in die lug bly asof swaartekrag nie 'n uitwerking het nie.
  - Die danser voer 'n beweging uit wat swaartekrag uitbeeld.
  - Die danser kan soos Newton se mite dans.
- Skryf een woord uit paragraaf 8 neer vir "kan nie gemeet word nie".
- Die aanhalingstekens voor en na "Worskoning" dui op 'n spottende benadering. Hoekom is of word die Worskoning gespot?
- Wat is volgens die skrywer die verskil tussen mense wat regtig talentvol en suksesvol is en mense wat baie van hul eie talent dink?
- Watter raad het die skrywer vir iemand wat ontevrede of verveeld voel?

### Aktiwiteit 4 Taal in konteks

- Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer.
  - iets wat elke dag gebeur, gebeur (dag).
  - Iemand wat 'n salaris verdien, word (maand) betaal.
- Skryf die intensiewe vorm van die woord in vetdruk neer.  
Die bankteller se blitsvinnige vingers laat die tellery **maklik** lyk.
- Vervang die woorde tussen hakies met 'n enkele woord.  
Ek kan nie dinge wat (nie duidelik nie) is (sonder stres) hanteer nie.
- Gee antonieme vir die onderstreepte woorde en 'n sinoniem vir die woord in vetdruk.  
Ons vergeet om die talente en kennis van ander en ons eie te **waardeer**.
  - Is hierdie sin 'n enkelvoudige of saamgestelde sin? Verduidelik.

5





## C Oefen taal

### Taalfokus 1: Eiename, geslag en voornaamwoorde

**Eiename** is selfstandige naamwoorde en is die name van mense, vanne, name van tale, bevolkingsgroepe, strate, dorpe, stede, geografiese name, dae, maande, tydperke, organisasies en maatskappye. Dit word met 'n hoofletter gespél.

**Geslag:** Sekere woorde is gemeenslagtig (verwys na albei geslagte) en het nie 'n vroulike of manlike vorm nie, byvoorbeeld **president**, **speler** en **voorsitter**. Wanneer 'n woord gemeenslagtig is, maar jy wil aandui dat die persoon 'n vrou is, kan jy **vroue-** vooraan skryf, byvoorbeeld **vroueskeidsregter** of **vrouemagistraat**.

Die volgende manlike en vroulike vorme word algemeen gebruik.

| Manlik     | Vroulik      | Manlik     | Vroulik      |
|------------|--------------|------------|--------------|
| hings      | merrie       | mannetjie  | wyfie        |
| reun       | teef         | varkbeer   | varksog      |
| baron      | barones      | hertog     | hertogin     |
| graaf      | gravin       | masseur    | masseuse     |
| held       | heldin       | bode       | vrouebode    |
| slaaf      | slavin       | danser     | danseres     |
| vlugkelner | vlugkelnerin | sekretaris | sekretaresse |

By groot bokke soos koedoes praat ons van 'n **bul** en 'n **koei**. By kleiner bokke soos 'n springbok praat ons van 'n **ram** en **ooi**.

**Voornaamwoorde:** Woorde wat betrekking op 'n selfstandige naamwoord het, word voornaamwoorde genoem.

**Aanwysende** voornaamwoorde verwys na 'n mens of voorwerp.

Voorbeelde:

- **Daardie** produk werk baie goed, maar **hierdie** een is my gunsteling.
- **Dié** kind weet wat hy wil hê.
- Ek stel nie belang in **sulke** middele nie.

**Betreklike** voornaamwoorde het betrekking op 'n selfstandige naamwoord wat vroeër in 'n sin genoem word. Voorbeelde:

- Die kind **wat** die toernooi gewen het, kom van Bonnievale.
- Die rekord **waarvan** hulle praat, staan al sedert 1987.
- Die tennisster **na wie** ons kyk, is 20 jaar oud.

1. Maak die woorde reg wat met hoofletters gespél behoort te word.
  - a) Juffrou de Vries het mnr. de Villiers gevra of ons na die olimpiese spele kan kyk.
  - b) Die arbeidersparty in engeland voel ernstig oor die saak.
  - c) Geagte meneer du Preez, baie welkom by laerskool welgemoed.





2. Skryf die teenoorgestelde geslag van die woorde in kleur neer.
  - a) Die **regisseur** was baie tevrede met die **sebramerrie** in die advertensie.
  - b) In daardie toneel is die **bruid** op die punt om in die visdam te val en die **strooijonker** kyk weg van die kamera na **rooibokooie** wat wei.
3. Benoem die betreklike en aanwysende voornaamwoorde in die volgende sinne.
  - a) Die aktrise van wie jy gepraat het, was daardie aand op dieselfde partytjie wat sulke opslae gemaak het.
  - b) Is dit waar dat die kussing waarin jy dié ring gevind het, uit 'n hotel gesteel is?

## Taalfokus 2: Direkte en indirekte rede

Wanneer jy iemand se presiese woorde weergee, gebruik jy die **direkte rede**.

"Michelle, kan jy my asseblief sê hoe laat dit is?" vra Ben.

Let op die gebruik van leestekens. Jy kan dit ook so skryf:

Ben vra: "Michelle, kan jy my asseblief sê hoe laat dit is?"

Die **indirekte rede** dra iemand se woorde aan 'n ander persoon oor.

Ben vra Michelle hoflik of sy vir hom kan sê hoe laat dit is.

In die indirekte rede moet jy soms die emosie beskryf wat in die direkte rede uitgedruk word:

Suzanne skree: "Ag nee, wie het dit gedoen?"

Met 'n uitroep van ontsteltenis vra Suzanne wie dit gedoen het.

"Oei!" roep Ilse, "dis die mooiste skoene wat ek nog ooit gesien het!"

Ilse roep opgewonde uit dat dit die mooiste skoene is wat sy nog ooit gesien het.

As jy iets wat in die **verlede** gebeur het, in die indirekte rede oorvertel, verander sekere woorde.

Daniel het gesê: "Kom **môreoggend** na my toe, Tom."

Daniel het gesê dat Tom **die volgende oggend** na hom **moes/moet** gaan.

Jakomien het gevra: "**Was** jy nie **verlede week** in die klas nie, Leigh?"

Jakomien het vir Leigh gevra of sy nie **die vorige week** in die klas **was** nie.

Mnr. Jacobs het geskree: "Ek **is** siek en sat vir **hierdie** gemors!"

Mnr. Jacobs het geskree dat hy siek en sat vir **daardie** gemors **is/was**.



4. Watter emosie of gevoel word deur die volgende sinne in die direkte rede uitgedruk?
  - a) "Magtig, hoekom is jy al weer laat?" vra mnr. Hanekom.
  - b) "Ek kan my oë nie glo nie!" het André geroep.
  - c) "Ons het gewen!" skree die span.
  - d) "Eina!" het Emile geroep.
  - e) "O hemel, nou is ek in die moeilikheid!" snik Beatrice.
5. Gebruik jou antwoorde in nr. 4 en skryf die sinne oor in die indirekte rede.



### Taalfokus 3: Letterlike en figuurlike betekenis

Dieselfde byvoeglike naamwoord kan soms 'n letterlike sowel as figuurlike betekenis hê. Letterlik beteken iets is fisies waar, jy kan dit met jou sintuie waarneem. Figuurlik beteken iets het 'n simboliese betekenis en word as beeldspraak gebruik. Let op die -e aan die einde van 'n byvoeglike naamwoord wat figuurlik gebruik word.

ryk mense

'n ryke verbeelding

taai vleis

hy oefen met taai volharding

grys skoolsokkies

'n verhaal uit die grys (verre) verlede

6. a) Wat is die letterlike betekenis van hierdie instruksie? Hoe sou 'n mens die figuurlike betekenis gebruik?



- b) Verduidelik wat jy hier sien. Skryf die spreekwoord neer wat by hierdie skets pas en wat dit eintlik beteken.



### Taalfokus 4: Dubbelpunt en kommapunt

#### Die dubbelpunt

'n Dubbelpunt kom voor iemand se direkte woorde:

Die joernalis vra: "Het jy en jou suster dieselfde talente?"

Na 'n dubbelpunt volg 'n verduideliking of 'n lys:

Sy het baie talente: sy is 'n uitstekende spreker, 'n top student en 'n kranige ruiter.

#### Die kommapunt

Die kommapunt word voor voegwoorde soos dus, daarom en gevolglik gebruik:

Hy is werklik talentvol; gevolglik blink hy uit.

Die kommapunt kan in die plek van 'n voegwoord gebruik word:

Die talentkompetiese is uitgestel; die beoordelaar is siek.

7. Kies telkens tussen die dubbelpunt en die kommapunt.
- Dit reën ononderbroke(:/;) ons gaan voort met die produksie.
  - Die man wil weet(:/;) "Gaan julle nog vandag klaarmaak?"

### Taalfokus 5: Woordeboekgebruik

Slaan die betekenis van die onderstaande woorde na en gebruik elkeen in 'n stelsin.

reklame

betrekking

innoverend

onontbeerlik

data

kliënt



- Mik die advertensie op die regte teikenmark.
- Gebruik die toepaslike lettertipe en lettergrootte.
- Maak seker dat jou hoofopskrif in 'n groter lettertipe as die ander woorde is.
- Gebruik menings en feite om jou produk of diens te verkoop.
- Onthou dat kleur baie konnotatiewe betekenis het.
- Gebruik taal en simbole wat by jou teikengroep pas.
- Emotiewe, manipulerende en oorredende taalgebruik is tipies van goeie advertensies.



## Pre-skryf

Skryf 'n advertensie namens 'n modelagentskap wat 'n wye verskeidenheid jongmense tussen twaalf en agtien soek. Die modelagentskap voorsien modelle vir allerhande soorte advertensiewerk, bv. klerebrosjures, kos, T-hemde, skoonmaakmiddels, koeldrank, motors. Die modelle verskyn in advertensies hier, sowel as oorsee.

- Die agentskap het seuns en meisies van alle kulture nodig.
- Fooie vergelyk goed met wat internasionaal betaal word.
- Jou advertensie sal in die jeugblaai van koerante en tydskrifte verskyn, asook in biljetformaat by klere- en musiekwinkels.
- Die advertensie kan tussen 80 en 90 woorde bevat.
- Kies 'n advertensie in 'n koerant of tydskrif en gebruik dit as voorbeeld.
- Teken 'n kopkaart met die feite en idees wat jy in die advertensie wil gebruik. Dui ook op jou kopkaart aan watter kleur en letters jy gaan gebruik.



## Skryf jou advertensie

- Gebruik jou beplanning en skep jou advertensie.
- Maak seker dat die lettertipe, kleur en beelde saamwerk om jou teikengroep te bereik.
- Gebruik groter, helderder letters vir die belangrikste boodskap.
- Trek aandag met 'n beeld/foto/grafiese voorstelling vir jou eie advertensie.
- Kies die regte slagspreuk, kenteken en komposisie om jong lesers te lok.
- Sorg dat jy die soort taal gebruik wat moontlike teikenkandidate sal oorreed om die agentskap te skakel.
- Verskaf kontakbesonderhede.

## Post-skryf

- Maak seker dat daar nie spel- en taalfoute in jou advertensie is nie.
- Gaan deur die inligting oor advertensies hierbo en kyk of jou advertensie aan al die voorskrifte voldoen.
- Hoor by 'n paar mense in die teikengroep wat hulle van jou advertensie dink.
- Verander enigiets wat afbreuk aan jou advertensie sal doen.